# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079 E-mail: admin@lydlaer.co.za
Posbus/P.O Box 5
Lydenburg 1120

Omsendbrief 7 van 2022

3 Maart 2022

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 7 – 11 MAART 2022**
   Maandag - Dag 2
   Dinsdag - Dag 3
   Woensdag - Dag 4
   Donderdag - Dag 5
   Vrydag - Dag 6

2. **TOETSREEKS**
   Die toetsreeks vind vanaf 28 Februarie – 10 Maart plaas. Die toetsrooster is reeds op die groepe geplaas.

3. **RUGBY (0/9 en 0/10)**
   Baie sterkte aan ons 0/9 en 0/10-rugbyspanne wat op Vrydag, 04 Maart en Saterdag, 05 Maart aan 'n toernooi gaan deelneem. Betrokke leerlinge sal briewe met die nodige inligting ontvang. Die bus vertrek om 07:30 vanaf die skool.

4. **SKAAK**
   Skaakoefening begin en is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandae | 13:30 – 14:30 | Graad 1-3 | Juffrou Ronel se klas |
| Woensdae | 13:30 – 14:30 | Graad 4-7 | Juffrou Odette se klas |

5. **FOTO'S – 7 en 8 MAART 2022**
   Daar word van almal foto's geneem vanaf Graad 1-7 op die Maandag 7 Maart, en van al die Graad R-leerlinge op Dinsdag, 8 Maart. Die koste per pakket beloop R130 en sluit in **1 Jumbo foto, A4 vergroting, 4 Id's, boekmerk en 'n klasfoto**. Die kostes vir **slegs 'n klasfoto** beloop **R60**. Alle bestellings moet met kontant vergesel word, **- geen betaling geen foto's nie! Betalings kan slegs by die kantoor gedoen word (Retha) en geen internetbetalings word aanvaar vir die foto's nie!** Geen bestelvorms word uitgedeel nie, u kwitansie word as bewys van bestelling aanvaar. **DIE BESTELLINGS SLUIT OP WOENSDAG, 16 MAART 2022.**

   **FAMILIEFOTO'S**
   Familiefoto's is beskikbaar teen R130.00. Dit word slegs op Maandag, **7 Maart 2022 NA SKOOL** tot 15:00 in die saal geneem. **Betaling word kontant by die fotograaf gedoen.**

6. **VERKEER!!!**

- **Ons ondervind tans baie probleme met die verkeer rondom die skool. Die regterkantste baan is vir ry, links vir op-en aflaai. (Nelstraat) Indien u 'n kind in Nelstraat aflaai, bly in die regterkantste baan van De Vosstraat. Ouers word asseblief versoek om nie op die regterkantse sypaadjie in Nelstraat te stop nie.**
- **DAAR WORD OOK GEVRA DAT U NIE IN DIE PAD AGTER ANDER VOERTUIE STOP OM U KIND OP OF AF TE LAAI NIE. JY HOU DIE ANDER VERKEER OP INDIEN JY DIT DOEN EN DIT IS UITERS ONVERANTWOORDELIK WANT DIT KAN 'N ONGELUK VEROORSAAK. Daar is genoeg parkering om op die regte plekke te parkeer. Indien jy nie jou kind wil laat ver loop nie ry dan asseblief vroeg genoeg om naby die hek te stop.**
- **Vervoer vanaf De Vosstraat na Nelstraat is tans 'n groot kopseer. Indien u, u kind in die parkeerarea voor die hoofhek aflaai, bly asseblief in die linkerkantste baan (De Vosstraat). Wees ook asseblief versigtig by die skolierpatrollie-oorgange.**
- **Daar was ook klagtes dat leerlinge agter karre om beweeg as hulle afgelaai word. Maak asseblief seker dat u kind te alle tye voor 'n kar verby beweeg. Ons wil nie graag dat iemand raakgery word nie.**
- **Ouers mag onder geen omstandighede hulle karre voor ENIGE ingange parkeer om hulle kinders op- en af te laai nie!!!**

**Ouers, ons vra asseblief dat almal sal saamwerk om die probleme op te los. Ons is almal haastig, maar wees asseblief geduldig.**

7. **RUGBY EN NETBAL**

As gevolg van die rugby en netbal op **Donderdag, 10 Maart teen CR Swart in Middelburg kom die skool om 11:00 uit.** Betrokke leerlinge sal briewe ontvang.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**